

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Thursday, 13 April, 1967 WINDHOEK Donderdag, 13 April 1967 No. 2783

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

ACTS:—

No. 3	(Republic) Protection of Names, Uniforms and Badges Amendment Act, 1967	2
No. 9	(Republic) Constitution Amendment Act, 1967	4
No. 17	(Republic) Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967	6
No. 22	(Republic) Motor Carrier Transportation Amendment Act, 1967	8
No. 23	(Republic) Railways and Harbours Acts Amendment Act 1967	14

WETTE:—

(Republiek) Beskerming van Name, Uniforms en Wapens, 1967	3
(Republiek) Wysigingswet op die Grondwet, 1967	5
(Republiek) Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967	7
(Republiek) Wysigingswet op Motor-Transport, 1967	9
(Republiek) Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1967	15

No. 3, 1967.]

ACT

To apply the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, in the territory of South-West Africa and to provide for matters incidental thereto.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 9th February, 1967.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of section 11*ter* in Act 23 of 1935.

1. The following section is hereby inserted in the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935, after section 11*bis*: "Application 11*ter*. This Act, and any amendment thereof (whether made prior to or after the commencement of the Protection of Names, Uniforms and Badges Amendment Act, 1967), and—

(a) any regulation made thereunder and in force at the commencement of the said Protection of Names, Uniforms and Badges Amendment Act, 1966; and

(b) any other regulation made thereunder and in force, which is expressly stated so to apply, shall apply also in the territory of South-West Africa (including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in section 3 of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951)), and in relation to all persons in that portion of the said territory known as the 'Rehoboth Gebiet' and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the Administrator of the said territory."

Short title.

2. This Act shall be called the Protection of Names, Uniforms and Badges Amendment Act, 1967.

No. 3, 1967.]

WET

Om die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935,
toe te pas op die gebied Suidwes-Afrika en om voorsiening
te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 9 Februarie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat
en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos
volg:—

1. Die volgende artikel word hierby na artikel 11*bis* in die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935, ingevoeg: Invoeging van artikel 11*ter* in Wet 23 van 1935.

„Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika. 11*ter*. Hierdie Wet, en enige wysiging daarvan (hetsy voor of na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens, 1967, aangebring), en—

(a) enige regulasie daarkragtens uitgevaardig en van krag by die inwerkingtreding van genoemde Wysigingswet op die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens, 1966; en

(b) enige ander regulasie daarkragtens uitgevaardig en van krag, wat uitdruklik aldus van toepassing verklaar word,

is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika (met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), bedoel), en met betrekking tot alle persone in daardie gedeelte van genoemde gebied bekend as die „Rehoboth Gebiet” en omskryf in die Eerste Bylawe by Proklamasie No. 28 van 1923 van die Administrateur van genoemde gebied.”

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Beskerming van Kort titel. Name, Uniforms en Wapens, 1967.

No. 9, 1967.]

ACT

To amend the provisions of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, relating to the election of the State President; and to improve the Afrikaans text of sections 12, 20 (5) and 52 of the said Act.

(Afrikaans text signed by the State President.)

(Assented to 10th February, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 8 of Act 32 of 1961.

1. Section 8 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended, with effect from the first day of January, 1967, by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The date so fixed shall in respect of the first such election be a date before the thirty-first day of May, 1961, and in the case of any subsequent such election a date not less than one month and not more than three months before the termination of the period of office of the State President then holding office: Provided that if the State President dies or for any other reason vacates his office before the expiration of his period of office and his successor has then not yet been elected, a date within three months after the office became vacant shall be so fixed: Provided further that if the State President intimates in his resignation lodged with the Speaker of the House of Assembly in terms of section 10 (3) that he will vacate his office on a day not less than one month after the date of the lodging of his resignation, a date which is earlier than the day on which the office becomes vacant, may be so fixed.”.

Amendment of sections 12, 20 (5) and 52 of Act 32 of 1961.

2. Sections 12, 20 (5) and 52 of the principal Act are hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the words “die beste van my vermoë” of the words “my beste vermoë”

Short title.

3. This Act shall be called the Constitution Amendment Act, 1967.

No. 9, 1967.]

WET

Tot wysiging van die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, met betrekking tot die verkiesing van die Staatspresident; en om die Afrikaanse teks van artikels 12, 20 (5) en 52 van genoemde Wet te verbeter.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 10 Februarie, 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 8 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig, met ingang van die eerste dag van Januarie 1967, deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die datum aldus bepaal, moet in die geval van die eerste sodanige verkiesing 'n datum voor die een-enderdigste dag van Mei 1961 wees, en in die geval van 'n daaropvolgende sodanige verkiesing 'n datum minstens een maand en hoogstens drie maande voordat die ampstermyn van die dan dienende Staatspresident verstryk: Met dien verstande dat indien die Staatspresident te sterwe kom of om 'n ander rede sy amp voor die verstryking van sy ampstermyn ontruim en sy opvolger dan nog nie gekies is nie, 'n datum binne drie maande nadat die amp vakant geword het, aldus bepaal moet word: Met dien verstande voorts dat indien die Staatspresident in sy bedanking ingevolge artikel 10 (3) by die Speaker van die Volksraad ingedien aandui dat hy sy amp met ingang van 'n dag minstens een maand na die datum van die indiening van sy bedanking sal ontruim, 'n datum wat vroeër is as die dag waarop die amp vakant word, aldus bepaal kan word.”

2. Artikels 12, 20 (5) en 52 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „die beste van my vermoë” deur die woorde „my beste vermoë” te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 32 van 1961.
Wysiging van artikels 12, 20 (5) en 52 van Wet 32 van 1961.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Grondwet, Kort titel 1967.

No. 17, 1967.]

ACT

To amend the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, so as to provide for provisional registration of the deaths of persons who presumably died from other than natural causes; and to provide for certain incidental matters.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 18th February, 1967.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of section 13A in Act 81 of 1963.

1. The following section is hereby inserted in the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, after section 13:—
"Provisional registration of the deaths of certain persons.

13A. (1) Any policeman who, in terms of section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act No. 58 of 1959), investigates or causes to be investigated the circumstances of the death of any person who presumably died from other than natural causes, shall as soon as possible furnish the magistrate of the district in which the death occurred with the prescribed particulars in respect of that death, except the cause of death.

(2) On receipt of the said particulars the magistrate concerned shall, as soon as he is satisfied that the deceased person has been identified and that the date of his death has been determined, furnish the district registrar of the district in which the death occurred with a preliminary notice on the prescribed form of the death.

(3) On receipt of the notice referred to in subsection (2) the district registrar concerned shall enter in his deaths register the prescribed particulars, and shall thereafter on receipt of a written request from any person and upon payment of the prescribed fee, issue a provisional death certificate on the prescribed form."

Short title.

2. This Act shall be called the Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967.

No. 17, 1967.]

WET

Tot wysiging van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, om voorsiening te maak vir voorlopige registrasie van die dood van persone wat vermoedelik weens ander as natuurlike oorsake gesterf het; en om vir sekere bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 18 Februarie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, na artikel 13 ingevoeg: Invoeging van artikel 13A in Wet 81 van 1963.

„Voorlopige registrasie van die dood van sekere persone. 13A. (1) 'n Polisiebeampte wat kragtens artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsonderseke, 1959 (Wet No. 58 van 1959), ondersoek instel of laat instel na die omstandighede van die dood van 'n persoon wat vermoedelik weens ander as natuurlike oorsake gesterf het, moet so gou doenlik die voorgeskrewe besonderhede, behalwe die oorsaak van dood, ten opsigte van daardie sterfgeval aan die landdros van die distrik waarin die sterfgeval plaasgevind het, verstrek.

(2) By ontvangs van bedoelde besonderhede moet die betrokke landdros, sodra hy oortuig is dat die oorlede persoon uitgeken en die datum van sy dood vasgestel is, 'n voorlopige kennisgewing van die dood aan die distriksregistrator van die distrik waarin die sterfgeval plaasgevind het, op die voorgeskrewe vorm verstrek.

(3) By ontvangs van die in subartikel (2) bedoelde kennisgewing moet die betrokke distriksregistrator die voorgeskrewe besonderhede in sy sterfgevalleregister aanteken, en moet hy daarna by ontvangs van 'n skriftelike aansoek van enigiemand, teen betaling van die voorgeskrewe geld, 'n voorlopige sterftesertifikaat op die voorgeskrewe vorm uitreik.”

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Registrasie Kort tite. van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967.

No. 22, 1967.]

ACT

To amend the definition of "authorized officer" in section 1 of the Motor Carrier Transportation Act, 1930, in order to empower members of the Railway Police Force to act as authorized officers at places beyond the precincts of the railways and the harbours; to amend section 7 of that Act in order to empower the National Transport Commission and a local board to exercise a discretion in respect of any number of the requirements of paragraph (1) (h) of that section; to amend section 11 of that Act in order to create a presumption in respect of consignors and owners of goods conveyed in contravention of the provisions of section 9 (1) and persons acting on their behalf; to amend section 13 of that Act in order to dispense with the requirement of publication by the Board or a local board of particulars of an application for a certificate contemplated in section 7 (4); to amend section 18 of that Act in order to increase certain penalties, to extend the jurisdiction of magistrates' courts to impose such penalties, and to provide for the forfeiture of goods conveyed by unauthorized motor carrier transportation; and to amend section 19 of that Act in order to provide for regulations prescribing the duties and powers of all authorized officers, additional powers for certain authorized officers, and the manner of dealing with motor vehicles and goods seized under the regulations.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 24th February, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 39 of 1930, as amended by section 1 of Act 31 of 1932, section 1 of Act 15 of 1937, section 1 of Act 15 of 1941, section 1 of Act 44 of 1955, section 1 of Act 42 of 1959 and section 1 of Act 15 of 1966.

1. Section 1 of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "authorized officer" of the following definition:—

"'authorized officer' means any police officer, including a member of the Railway Police Force in respect of any place whether within or beyond the precincts of the railways as defined in section 1 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), or of the harbours as therein defined, or any person appointed and designated by the Board as a road transportation inspector, or any person in the service of any provincial administration or of the Administration of the territory of South West Africa, or of any local authority whose duty it is to inspect motor vehicles or licences for motor vehicles or control traffic;"

Amendment of section 7 of Act 39 of 1930, as amended by section 8 of Act 31 of 1932, section 6 of Act 15 of 1941, section 7 of Act 44 of 1955, section 3 of Act 42 of 1959 and section 2 of Act 15 of 1966.

2. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (h) of subsection (1) of the following paragraph:

"(h) the requirement that the motor vehicle to which the certificate or exemption relates shall bear in a conspicuous place in such manner as may be prescribed by regulation, the name, address and nature of the business of the holder of such certificate or exemption, including, in the case of a certificate issued for the conveyance of only one class of persons, a notice specifying such class of persons, except in the case of a certificate or exemption issued in respect of such classes

No. 22, 1967.]

WET

Tot wysiging van die omskrywing van „gemagtigde amptenaar” in artikel 1 van die Motortransportwet, 1930, ten einde die bevoegdheid aan lede van die Spoorwegpolisiesmag te verleen om by plekke buite die grense van die spoorweë en die hawens as gemagtigde amptenare op te tree; om artikel 7 van daardie Wet te wysig ten einde die Nasionale Vervoer-kommissie en ’n plaaslike raad te magtig om ’n diskresie ten opsigte van enige aantal van die vereistes van paragraaf (1) (h) van daardie artikel uit te oefen; om artikel 11 van daardie Wet te wysig ten einde ’n vermoede te skep ten aansien van afsenders en eienaars van goedere wat in stryd met die bepalings van artikel 9 (1) vervoer is, en persone wat namens hulle optree; om artikel 13 van daardie Wet te wysig ten einde weg te doen met die vereiste van publikasie deur die Raad of ’n plaaslike raad van besonderhede van ’n aansoek om ’n sertifikaat in artikel 7 (4) bedoel; om artikel 18 van daardie Wet te wysig ten einde sekere strawwe te verhoog, die jurisdiksie van landdroshowe uit te brei om sodanige strawwe op te lê en om voorsiening te maak vir die verbeurdverklaring van goedere wat met ongemagtigde motortransport vervoer is; en om artikel 19 van daardie Wet te wysig ten einde voorsiening te maak vir regulasies wat die verpligtings en bevoegdhede van alle gemagtigde amptenare omskryf en wat bykomende bevoegdhede vir sekere gemagtigde amptenare en die wyse waarop gehandel moet word met motorvoertuie en goedere waarop kragtens die regulasies beslag gelê is, voorskryf.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 24 Februarie 1967.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Motortransportwet, 1930 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van „gemagtigde amptenaar” deur die volgende omskrywing te vervang:

„„gemagtigde amptenaar” beteken enige polisiebeampte, met inbegrip van ’n lid van die Spoorwegpolisiesmag ten opsigte van enige plek hetsy binne of buite die grense van die spoorweë soos omskryf in artikel 1 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet No. 70 van 1957), of van die hawens soos daarin omskryf, of enige persoon deur die Raad benoem en aangewys as ’n padvervoersinspekteur, of enige persoon in die diens van ’n provinsiale administrasie of die Administrasie van die gebied Suidwes-Afrika of van ’n plaaslike bestuur wie se plig dit is om motorvoertuie of lisensies vir motorvoertuie te inspekteer of verkeer te reël;”.

2. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (h) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(h) die vereiste dat die naam, adres en aard van die besigheid van die houer van daardie sertifikaat of vrystelling, met inbegrip, in die geval van ’n sertifikaat uitgereik vir die vervoer van slegs een kategorie persone, van ’n kennisgewing wat daardie kategorie persone vermeld, op ’n in die ooglopende plek op die wyse by regulasie voorgeskryf, moet verskyn op die motorvoertuig waarop die sertifikaat of vrystelling betrekking het,

Wysiging van artikel 1 van Wet 39 van 1930, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 31 van 1932, artikel 1 van Wet 15 van 1937, artikel 1 van Wet 15 van 1941, artikel 1 van Wet 44 van 1955, artikel 1 van Wet 42 van 1959 en artikel 1 van Wet 15 van 1966.

Wysiging van artikel 7 van Wet 39 van 1930, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 31 van 1932, artikel 6 van Wet 15 van 1941, artikel 7 van Wet 44 van 1955, artikel 3 van Wet 42 van 1959 en artikel 2 van Wet 15 van 1966.

of motor carrier transportation as the Board or local board concerned may in its discretion determine, or in respect of a motor vehicle which in the opinion of the Board or the local board concerned already bears in some other manner sufficient written information thereon to indicate clearly the name and the address or the nature of the business of the holder of such certificate or exemption or, in the case of a certificate issued for the conveyance of only one class of persons, the class of persons."

Amendment of section 11 of Act 39 of 1930, as substituted by section 10 of Act 15 of 1941.

3. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) In any proceedings under this Act—

- (a) any person who has conveyed any person or any goods by means of a motor vehicle or who has permitted the conveyance by such means of any person in addition to the driver of the vehicle or of any goods, shall be presumed thereby to have carried on motor carrier transportation, unless the contrary is proved;
- (b) whenever it is proved that any goods have at any time and place been conveyed in contravention of the provisions of section 9 (1), the consignor and owner of such goods, and any person who acted on behalf of such consignor or owner, shall be deemed so to have conveyed such goods unless it is proved that such owner, consignor or person did not know that such goods were being so conveyed or could not prevent such goods from being so conveyed."

Amendment of section 13 of Act 39 of 1930, as amended by section 14 of Act 31 of 1932, section 11 of Act 15 of 1941, section 2 of Act 50 of 1949 and section 11 of Act 44 of 1955.

4. Section 13 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Before granting or refusing any application for a motor carrier certificate or for the renewal, transfer or amendment of any such certificate the Board or a local board shall publish, in the manner prescribed by regulation, particulars of such application and afford, in the manner likewise prescribed by regulation, any person an opportunity to oppose or support such application and shall consider any representations which may in the manner prescribed by regulation be submitted in support of or in opposition to the granting of such application: Provided that no such publication shall be necessary in respect of an application—

- (a) for a certificate contemplated in section 7 (4); or
- (b) for the renewal, transfer or amendment of a motor carrier certificate if the Board or the local board concerned, as the case may be, is satisfied that no other transportation facilities are likely to be adversely affected; or
- (c) considered by the Board on appeal to it from a local board."

Substitution of section 18 of Act 39 of 1930, as amended by section 17 of Act 44 of 1955.

5. The following section is hereby substituted for section 18 of the principal Act:

"Penalties.

18. (1) Any person guilty of any offence under this Act for which no other penalty is expressly prescribed, shall be liable on conviction to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months and the court convicting any person of an offence involving the carrying on of unauthorized motor carrier transportation may declare the motor vehicle, used in such transportation and the goods conveyed thereon or the convicted person's rights in such motor vehicle or goods, to be forfeited to the State: Provided that such declaration shall not affect any rights which any person other than the convicted person may have to the motor vehicle or goods in question if it is proved that such person did not know that the said motor vehicle was being or would be used for the carrying on of unauthorized motor carrier transportation or that he could not prevent such use, or that such other person did not know that the transportation of the said goods constituted or would constitute the carrying on of unauthorized motor carrier transportation or that he could not prevent the carrying on of such transportation.

behalve in die geval van 'n sertifikaat of vrystelling uitgereik ten opsigte van die klasse motortransport wat die Raad of betrokke plaaslike raad na goeddunke bepaal, of ten opsigte van 'n motorvoertuig waarop daar volgens die Raad of betrokke plaaslike raad se oordeel reeds op 'n ander wyse voldoende skriftelike inligting verskyn wat die naam en die adres of die aard van die besigheid van die houer van daardie sertifikaat of vrystelling of, in die geval van 'n sertifikaat uitgereik vir die vervoer van slegs een kategorie persone, die kategorie persone duidelik aantoon."

3. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 11 van Wet 39 van 1930, soos vervang deur artikel 10 van Wet 15 van 1941.

„(1) By 'n geding ingevolge hierdie Wet—

- (a) word vermoed dat iemand wat 'n persoon of enige goedere deur middel van 'n motorvoertuig vervoer het of wat die vervoer op daardie wyse van 'n persoon, benewens die bestuurder van die voertuig, of van enige goedere toegelaat het, daardeur motortransport voortgesit het, tensy die teendeel bewys word;
- (b) wanneer daar bewys word dat goedere op enige tydstip en plek in stryd met die bepalinge van artikel 9 (1) vervoer is, word die afsender en eienaar van sodanige goedere en enige persoon wat namens so 'n eienaar of afsender opgetree het, geag sodanige goedere aldus te vervoer het, tensy bewys word dat sodanige eienaar, afsender of persoon nie geweet het dat sodanige goedere aldus vervoer is nie of nie kon verhoed het dat dit aldus vervoer word nie."

4. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 13 van Wet 39 van 1930, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 31 van 1932, artikel 11 van Wet 15 van 1941, artikel 2 van Wet 50 van 1949 en artikel 11 van Wet 44 van 1955.

„(1) Alvorens 'n applikasie vir 'n motortransportsertifikaat of vir die hernuwing, oordrag of wysiging van so 'n sertifikaat toe te staan of van die hand te wys, moet die Raad of plaaslike raad volgens voorskrif van die regulasies, besonderhede van daardie applikasie publiseer en eweneens volgens voorskrif van die regulasies aan engeen die geleentheid gee om daardie applikasie te bestry of te steun, en moet alle vertoë in aanmerking neem wat op die by regulasie voorgeskrewe wyse aangevoer mog word tot ondersteuning van of teen die toekenning van daardie applikasie: Met dien verstande dat sodanige publikasie nie nodig is ten opsigte van 'n aansoek—

- (a) om 'n sertifikaat in artikel 7 (4) bedoel nie; of
- (b) om die hernuwing, oordrag of wysiging van 'n motortransportsertifikaat, indien die Raad of, na gelang van die geval die betrokke plaaslike raad oortuig is dat geen waarskynlikheid van benadeling van ander vervoerfasiliteite bestaan nie; of
- (c) wat deur die Raad op appèl aan hom van 'n plaaslike raad oorweeg word nie."

5. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 18 van Wet 39 van 1930, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 44 van 1955.

„Straf-bepalings.

18. (1) Elkeen wat volgens hierdie Wet 'n misdryf begaan waarvoor geen ander straf uitdruklik voorgeskryf word nie, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand of met gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande en die hof wat iemand veroordeel weens 'n misdryf wat met die bedryf van ongemagtigde motortransport in verband staan, kan die motorvoertuig wat in verband met daardie transport gebruik is en enige goedere daarop vervoer of die veroordeelde se regte in bedoelde motorvoertuig of goedere, aan die Staat verbeurd verklaar: Met dien verstande dat die verbeurdverklaring geen inbreuk maak op enige regte wat iemand anders as die veroordeelde op die betrokke motorvoertuig of goedere mag hê nie, indien bewys word dat so iemand nie geweet het dat bedoelde motorvoertuig gebruik was of sou word om ongemagtigde motortransport te bedryf nie of dat hy sodanige gebruik nie kon verhoed nie, of dat so iemand nie geweet het dat die vervoer van bedoelde goedere die bedryf van ongemagtigde motortransport uitgemaak het of sou uitmaak nie of dat hy nie die bedryf van sodanige transport kon verhoed nie.

(2) In the case of a third or subsequent conviction for an offence involving the carrying on of unauthorized motor carrier transportation, if that conviction and the previous convictions are convictions in respect of offences committed after the commencement of the Motor Carrier Transportation Amendment Act, 1967, the maximum penalty prescribed in subsection (1) shall be imposed.

(3) Subsections (4) and (5) of section 360 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), shall *mutatis mutandis* apply with reference to any forfeiture under subsection (1) of this section.

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty prescribed in subsections (1) and (2) of this section."

Amendment of section 19 of Act 39 of 1930, as amended by section 17 of Act 31 of 1932, section 12 of Act 15 of 1941 and section 18 of Act 44 of 1955.

6. Section 19 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (h) of subsection (1) of the following paragraph:

"(h) prescribing the duties and powers of authorized officers;" ; and

(b) by the insertion after paragraph (h) of the following paragraph:

"(hA) empowering any person appointed and designated by the Board as a road transportation inspector and any police officer to seize any motor vehicle suspected upon reasonable grounds of having been used in connection with the carrying on of unauthorized motor carrier transportation and goods conveyed thereon and providing for the manner in which any such motor vehicle and goods shall be dealt with pending the institution of criminal proceedings in respect of the carrying on of such unauthorized motor carrier transportation."

Short title.

7. This Act shall be called the Motor Carrier Transportation Amendment Act, 1967.

(2) In die geval van 'n derde of latere skuldigbevinding weens 'n misdryf waarby die bedryf van ongemagtigde motortransport betrokke is, indien daardie skuldigbevinding en die vorige skuldigbevindings, skuldigbevindings is ten opsigte van misdrywe wat na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Motortransport, 1967, gepleeg is, word die maksimum straf opgelê wat deur subartikel (1) voorgeskryf word.

(3) Subartikels (4) en (5) van artikel 360 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n verbeurdverklaring ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel.

(4) Ondanks andersluidende wetsbepalings is 'n landdroshof bevoeg om enige strawwe op te lê wat in subartikels (1) en (2) van hierdie artikel voorgeskryf word."

6. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (h) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(h) wat die verpligtings en bevoegdhede omskryf van gemagtigde amptenare;” en

(b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (h) in te voeg:

„(hA) wat aan enige persoon deur die Raad benoem en aangewys as 'n padvervoerinspekteur en enige polisiebeampte die bevoegdheid verleen om beslag te lê op enige motorvoertuig wat, na daar op redelike gronde vermoed word, in verband met die bedryf van ongemagtigde motortransport gebruik te gewees het en op goedere wat daarop vervoer is, en wat bepaal hoe daar in afwagting van die instelling van 'n strafgeding ten opsigte van die bedryf van sodanige ongemagtigde motortransport met so 'n motorvoertuig en sodanige goedere gehandel moet word.”.

Wysiging van artikel 19 van Wet 39 van 1930, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 31 van 1932, artikel 12 van Wet 15 van 1941 en artikel 18 van Wet 44 van 1955.

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Motortransport, Kort titel. 1967.

No. 23, 1967.]

ACT

To amend section 57 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957, so as to provide that members of the Railway Police Force may exercise any power beyond the precincts of the railways and the harbours which is conferred upon such members by any Act of Parliament; to amend section 16 of the Railways and Harbours Service Act, 1960, and sections 8, 11, 17, 18, 26 and 35 of the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1960, so as to amend the conditions with regard to the age of retirement of certain servants in the airways department of the Service; to validate certain changes in conditions of employment; and to provide for other incidental matters.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 24th February, 1967.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 57 of Act 70 of 1957, as amended by section 40 of Act 44 of 1959 and section 33 of Act 6 of 1965.

1. Section 57 of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957, is hereby amended by the insertion, after subsection (8), of the following subsection:

“(8A) A member of the Railway Police Force may in addition to the powers conferred by this Act exercise beyond the precincts of the railways and the harbours any power which is conferred upon such member by any Act of Parliament.”

Amendment of section 16 of Act 22 of 1960, as amended by section 3 of Act 54 of 1964, section 50 of Act 6 of 1965 and section 3 of Act 18 of 1966.

2. Section 16 of the Railways and Harbours Service Act, 1960, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraphs (d) and (e) of subsection (1) of the following paragraphs:

“(d) fifty-five years, if immediately prior to the attainment of that age he held the position of fleet captain, senior captain, captain, chief training captain, senior training captain, training captain, senior first officer, first officer, senior navigation officer or navigation officer in the airways department of the Service, or any other position in the said department, the incumbent whereof is or may be required to perform duties on board an aircraft in flight, to which the Minister has by notice in the *Gazette* declared the said age of retirement to apply. Any position mentioned in any such notice shall be deemed to have been specifically mentioned in this paragraph; or

(e) fifty-five years, if immediately prior to the attainment of that age he held the position of senior flight engineer officer, flight engineer officer instructor, flight engineer officer, class I, or flight engineer officer, class II, in the airways department of the Service, or any other position in the said department, the incumbent whereof is or may be required to perform duties on board an aircraft in flight, to which the Minister

No. 23, 1967.]

WET

Tot wysiging van artikel 57 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957, om voorsiening daarvoor te maak dat lede van die Spoorwegpolisiesmag enige bevoegdheid wat deur enige Wet van die Parlement aan sodanige lede verleen word, buite die grense van die spoorweë en die hawens kan uitoefen; tot wysiging van artikel 16 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, en artikels 8, 11, 17, 18, 26 en 35 van die Wet op die Spoorweg- en Hawesuperannuasiefonds, 1960, om die voorwaardes met betrekking tot die aftreleeftyd van sekere dienare in die lugdiensdepartement van die Diens te wysig; om sekere veranderings in diensvoorwaardes geldig te verklaar; en om voorsiening te maak vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 24 Februarie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 57 van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957, word hierby gewysig deur na subartikel (8) die volgende subartikel in te voeg:

„(8A) 'n Lid van die Spoorwegpolisiesmag kan benewens die bevoegdhede wat deur hierdie Wet verleen word, enige bevoegdheid wat deur enige Wet van die Parlement aan sodanige lid verleen word, buite die grense van die spoorweë en die hawens uitoefen.”

2. Artikel 16 van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, word hierby gewysig—
 - (a) deur paragrawe (d) en (e) van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

„(d) vyf-en-vyftig jaar, indien hy onmiddellik voor die bereiking van daardie leeftyd die betrekking beklee het van vlootkaptein, senior kaptein, kaptein, hoofopleidingskaptein, senior opleidingskaptein, opleidingskaptein, senior eerste offisier, eerste offisier, senior offisier-navigator of offisier-navigator in die lugdiensdepartement van die Diens, of 'n ander betrekking in daardie departement, van die bekleër waarvan daar verlang word of kan word om dienste aan boord van 'n vliegtuig in vlug te verrig, waarop die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bedoelde aftreleeftyd van toepassing verklaar het. 'n Betrekking wat in so 'n kennisgewing genoem word, word geag uitdruklik in hierdie paragraaf vermeld te gewees het; of
 - (e) vyf-en-vyftig jaar, indien hy onmiddellik voor die bereiking van daardie leeftyd die betrekking beklee het van senior offisier-boordingenieur, instrukteuroffisier-boordingenieur, offisier-boordingenieur, klas I, of offisier-boordingenieur, klas II, in die lugdiensdepartement van die Diens, of 'n ander betrekking in daardie departement, van die bekleër waarvan daar verlang word of kan word om dienste aan boord van 'n vliegtuig in

Wysiging van artikel 57 van Wet 70 van 1957, soos gewysig deur artikel 40 van Wet 44 van 1959 en artikel 33 van Wet 6 van 1965.

Wysiging van artikel 16 van Wet 22 van 1960, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 54 van 1964, artikel 50 van Wet 6 van 1965 en artikel 3 van Wet 18 van 1966.

has by notice in the *Gazette* declared the said age of retirement to apply. Any position mentioned in any such notice shall be deemed to have been specifically mentioned in this paragraph.”;

- (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) If at the date of publication by the Minister of a notice in terms of paragraph (d) of subsection (1), a servant already holds any position mentioned in such notice, the provisions of that paragraph shall apply to such servant only if he has, within a period of six months after the said date, or within such further period as the Administration may under special circumstances allow, but in any event before he attains the age of fifty-five years, agreed in writing to the application to him of the age of retirement laid down in the said paragraph.”;

- (c) by the substitution in subsection (4) for the expression “paragraph (d) or (e)” of the expression “paragraph (d)”, and for the expression “either of those paragraphs” of the expression “the said paragraph”;

- (d) by the substitution, for paragraph (b) of subsection (7), of the following paragraph:

“(b) A servant to whom the provisions of paragraph (d) of sub-section (1) apply shall, whether or not he has exercised the election provided for in paragraph (c) of this subsection as it existed immediately prior to the date of commencement of section 3 of the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1964 (Act No. 54 of 1964), have the right at any time before or after attaining the age of fifty years, to give written notification to the head of his department of his wish to be retired on pension from the Service.”.

Amendment of section 8 of Act 39 of 1960, as amended by section 16 of Act 62 of 1961, section 63 of Act 6 of 1965 and section 6 of Act 18 of 1966.

3. Section 8 of the Railways and Harbours Superannuation Fund Act, 1960 (hereinafter called “the Superannuation Fund Act”), is hereby amended—

- (a) by the substitution, in subsection (2) (a) and (b), for the expression “paragraph (d) or (e)”, wherever it occurs, of the expression “paragraph (d)”;

- (b) by the insertion, after subparagraph (ii) of subsection (2) (a) of the following subparagraph:

“(iii) A member employed in the airways department of the Service to whom the provisions of section 16 (1) (e) of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), apply shall, in addition to the contributions prescribed in subsection (1), make further contributions (hereinafter referred to as ‘special contributions’) to the New Fund at the rate of one per cent of his pensionable emoluments.”.

Amendment of section 11 of Act 39 of 1960, as amended by section 7 of Act 18 of 1966.

4. Section 11 of the Superannuation Fund Act is hereby amended by the substitution, in subsection (1) (d) for the expression “paragraph (d) or (e)”, of the expression “paragraph (d)”.

Amendment of section 17 of Act 39 of 1960, as amended by section 17 of Act 62 of 1961 and section 8 of Act 18 of 1966.

5. Section 17 of the Superannuation Fund Act is hereby amended by the substitution for paragraphs (a) and (b) of subsection (1) of the following paragraphs:

- “(a) one-fiftieth in the case of a member to whom the provisions of section 16 (1) (d) of the Railways and Harbours Service Act, 1960, apply, whatever the age of retirement applicable to him may be; or

- (b) one-fifty-fifth in the case of a member holding a position mentioned in section 16 (1) (e) or (e) of the Railways and Harbours Service Act, 1960, whatever the age of retirement applicable to him may be; or”.

vlug te verrig, waarop die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bedoelde aftreeleef tyd van toepassing verklaar het. 'n Betrekking wat in so 'n kennisgewing genoem word, word geag uitdruklik in hierdie paragraaf vermeld te gewees het.”;

- (b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Indien 'n dienaar op die datum waarop 'n kennisgewing ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) deur die Minister gepubliseer word, reeds 'n in die kennisgewing vermelde betrekking beklee, is die bepaling van daardie paragraaf slegs dan op so 'n dienaar van toepassing as hy binne 'n tydperk van ses maande na genoemde datum of binne die verdere tydperk wat die Administrasie onder spesiale omstandighede toestaan, maar in elk geval voor bereiking van die leeftyd van vyf-en-vyf-tig jaar, skriftelik ingestem het dat die aftreeleef tyd in daardie paragraaf vermeld, op hom toegepas kan word.”;

- (c) deur in subartikel (4) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)” deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang en deur die uitdrukking „een of ander van daardie paragrawe” deur die uitdrukking „bedoelde paragraaf” te vervang;

- (d) deur paragraaf (b) van subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) 'n Denaar op wie die bepaling van paragraaf (d) van subartikel (1) van toepassing is, het die reg, hetsy hy die keuse uitgeoefen het al dan nie waarvoor voorsiening gemaak is in paragraaf (c) van hierdie subartikel soos dit onmiddellik voor die datum van inwerkingtrede van artikel 3 van die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1964 (Wet No. 54 van 1964), bestaan het, om te eniger tyd voor of na bereiking van die leeftyd van vyftig jaar, aan die hoof van sy departement skriftelik kennis te gee van sy begeerte om met pensioen uit die Diens afgedank te word.”.

3. Artikel 8 van die Wet op die Spoorweg- en Hawesuperannuasiefonds, 1960 (hierna „die Superannuasiefondswet” genoem), word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 8 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 62 van 1961, artikel 63 van Wet 6 van 1965 en artikel 6 van Wet 18 van 1966.

- (a) deur in subartikel (2) (a) en (b) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang;

- (b) deur na subparagraaf (ii) van subartikel (2) (a) die volgende subparagraaf in te voeg:

„(iii) 'n Lid wat in die lugdiensdepartement van die Diens werksaam is en op wie die bepaling van artikel 16 (1) (e) van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet No. 22 van 1960), van toepassing is, moet bo en behalwe die bydraes in subartikel (1) voorgeskryf, verdere bydraes (hierna „spesiale bydraes” genoem) in die Nuwe Fonds stort teen die skaal van een persent van sy pensioengewende emolumente.”.

4. Artikel 11 van die Superannuasiefondswet word hierby gewysig deur in subartikel (1) (d) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)” deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang.

Wysiging van artikel 11 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 18 van 1966.

5. Artikel 17 van die Superannuasiefondswet word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

Wysiging van artikel 17 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 62 van 1961 en artikel 8 van Wet 18 van 1966.

- „(a) een-vyftigste in die geval van 'n lid op wie die bepaling van artikel 16 (1) (d) van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, van toepassing is, wat ook al die op hom toepaslike aftreeleef tyd mag wees; of

- (b) een vyf-en-vyftigste in die geval van 'n lid wat 'n betrekking beklee wat genoem word in artikel 16 (1) (c) of (e) van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960, wat ook al die op hom toepaslike aftreeleef tyd mag wees; of”.

Amendment of section 18 of Act 39 of 1960, as amended by section 21 of Act 7 of 1963, section 64 of Act 6 of 1965 and section 9 of Act 18 of 1966.

Amendment of section 26 of Act 39 of 1960, as amended by section 10 of Act 18 of 1966.

Amendment of section 35 of Act 39 of 1960, as amended by section 11 of Act 18 of 1966.

Validation of certain changes in conditions of employment.

Application of Act to South-West Africa.

Short title.

6. Section 18 of the Superannuation Fund Act is hereby amended by the substitution, in the provisos to subsections (1) and (3), for the expression "paragraph (d) or (e)", wherever it occurs, of the expression "paragraph (d)".

7. Section 26 of the Superannuation Fund Act is hereby amended by the substitution in subsection (2), for the expression "paragraph (d) or (e)", of the expression "paragraph (d)".

8. Section 35 of the Superannuation Fund Act is hereby amended by the substitution in subsection (2), for the expression "paragraph (d) or (e)", of the expression "paragraph (d)".

9. All changes in conditions of employment for which provision is made in any regulation published under any Government Notice mentioned in the Schedule to this Act, and which were brought into operation with retrospective effect or in respect whereof the amending regulations were not approved by the State President until after the expiration of the period of three months mentioned in section 32 (3) of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), are hereby validated with effect from the dates as from which such changes were respectively brought into operation.

10. This Act shall apply also to the territory of South-West Africa.

11. This Act shall be called the Railways and Harbours Acts Amendment Act, 1967.

Schedule.

Number of Government Notice.	Date of Publication.
R. 983	24.6.1966
R. 1156	22.7.1966

6. Artikel 18 van die Superannuasiefondswet word hierby gewysig deur in die voorbehoudsbepalings by subartikels (1) en (3) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)” waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang.

Wysiging van artikel 18 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 7 van 1963, artikel 64 van Wet 6 van 1965 en artikel 9 van Wet 18 van 1966.

7. Artikel 26 van die Superannuasiefondswet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)” deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang.

Wysiging van artikel 26 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 18 van 1966.

8. Artikel 35 van die Superannuasiefondswet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die uitdrukking „paragraaf (d) of (e)” deur die uitdrukking „paragraaf (d)” te vervang.

Wysiging van artikel 35 van Wet 39 van 1960, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 18 van 1966.

9. Alle veranderings in diensvoorwaardes waarvoor voorsiening gemaak word in 'n regulasie gepubliseer in een van die Goewermentskennisgewings wat in die Bylae by hierdie Wet genoem word, en wat met terugwerkende krag in werking gestel is, of ten opsigte waarvan die wysigende regulasies nie deur die Staatspresident goedgekeur is nie tot na die verstryking van die tydperk van drie maande vermeld in artikel 32 (3) van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet No. 22 van 1960), word hierby geldig verklaar met ingang van die datums waarop sodanige veranderings onderskeidelik in werking gestel is.

Geldigverklaring van sekere veranderings in diensvoorwaardes.

10. Hierdie Wet is ook op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

Toepassing van Wet op Suiwes-Afrika.

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Spoorweg- en Hawewette, 1967.

Kort titel.

Bylae.

Goewermentskennisgewing No.	Datum van Afkondiging.
R.983	24.6.1966
R.1156	22.7.1966